

VOORBIDDING
“Bid vir mekaar!”
Donderdag 12 Mei 2022

Jak 5:16

“Bely julle sondes (misdade) eerlik teenoor mekaar en **bid vir mekaar**, sodat julle **gesond** kan word.

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.”

In hierdie teksvers gaan dit oor drie sake:

- **Bely** julle sondes eerlik teenoor mekaar.
- **Bid** vir mekaar.
- **Word dan gesond**.

Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar. Hierdie sondes waarvan hier gepraat word beteken in die griekse taal eintlik, ‘n misstap, iets wat jy gedoen het wat nie noodwendig intensioneel was nie, maar wat onintensioneel gedoen is. Maw as jy nie moedswillig, intensioneel, doelbewus iemand wou skade berokken nie, of dalk het jy dit in ‘n moment van woede gedoen, moet jy dit bely.

Daar is ‘n geykte spreekwoord wat sê: “**Belydenis reinig die siel!**” Want as jy ‘n verkeerde daad teenoor iemand bely het, dan is dit uit jou gestel en afgehandel, vergewe en vergeet. Maar as dit nie uit jou gestel is nie, dan broei dit in jou en bly aan jou vreet soos kanker.

Onbelyde sondes blokkeer die pad na vergifnis en om opreg mekaar te vergewe en vir mekaar te bid. As jy dit bely het, is jy bevry van wat pla en wat tussen jou en jou medemens of tussen jou en God staan.

Ook nie alle sondes moet sommer lukraak voor mekaar bely word nie. Diskressie en beperking is ook hier belangrik. Alles sondes moet voor God bely word. Maar voor mekaar net dit wat in jou verhouding met iemand kan staan en as dit jou medemens direk benadeel Belydenisse wat onoordeelkundig gedoen word, kan soms meer skade as goed doen.

Bid vir mekaar. Die pragtige wonder van christenskap is, dat as sondes bely is en dit is uit jou gestel en dit staan nie meer tussen jou en jou medemens nie, dan kan julle vir mekaar begin bid. Die bedoeling is hier dat as iemand sy sondes teenoor jou bely het, dan kan julle vir mekaar bid, in mekaar se teenwoordigheid of in jou binnekamer. Want as daar niks kwade gevoelens meer tussen julle is nie, kan jy met vrymoedigheid tot God nader in die Naam van Jesus Christus en vir mekaar bid. Ons bid vir mekaar, dra mekaar aan die Here op.

Word dan gesond. Die doel van sondebelydenis en voorbidding is sodat ons gesond kan word. Jakobus spesifiseer nie fisies of geestelike gesond word nie, hy spesifiseer nie, individuele of korporatiewe gesond word nie. Dit is doelbewus omdat sondebelydenis en voorbidding die gevolg van gesondmaking is.

Prakties beteken dit as daar ‘n klip in die pad is, ‘n klip tussen jou en iemand anders, rol die klip weg, gooi die klip weg, dan is daar ‘n oop pad na mekaar toe. Dan kan jy voorbidding doen, vir mekaar bid.

Intervensie of voorbidding is om werklik vir mekaar, vir jou skool, werk land te bid. Dit alles sodat God vereer en verheerlik kan word deur al sy kinders.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com